No 19 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=========================

THURSDAY, 10 AUGUST 2023

1. The House met at 14:15.

2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Deputy Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:18] The Chief Whip of the Majority Party (Ms W F Kaizer-Philander) moved without notice: That Questions without notice to the Premier stand over until next week.

   Agreed to.

5. [14:20] Interpellation.

6. [14:41] Questions.

7. [15:00] Statements by Members.

8. [15:25] Response to statements by Members by Mr D J Maynier, Minister of Education.

9. [15:27] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

   The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

10. [15:28] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

11. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes and congratulates Clint Abrahams, a University of Cape Town (UCT) PhD candidate, architect and lecturer from Macassar, on winning a prestigious 2022 Social Responsiveness Award; notes that Abrahams is the Faculty of Engineering and the Built Environment's (EBE) first recipient of this award; and notes that the award honours work that contributes to the country's cultural, economic, political, scientific and social landscape, and cements community service into the university's research, teaching and learning.

    Agreed to.

12. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes with deep sadness the passing away of the ANC veteran and community leader, Comrade Themba Wilson Sidina, from Gugulethu; notes that he passed away on Sunday 30 July 2023 at the age of 81 following a long period of illness; notes that Comrade Sidina was a towering political figure, not only in the life of the ANC in the province, but also as an unsung anti-apartheid hero; notes that he was heavily involved in various civics, trade unions and sporting bodies, and actively recruited young people to join uMkhonto we Sizwe (MK) through his work in various sports clubs; notes that Comrade Sidina dedicated his life to the struggle for freedom and democracy; and extends condolences and sends a message of strength to his family, friends and comrades.

    Agreed to.

13. Mr M Kama moved without notice: That the House notes with deep sadness the passing away of Leon-Lee Andile Madolo (32) from Khayelitsha; and sends heartfelt condolences to the family and friends.

    Agreed to.

14. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates the five schools from the Western Cape who walked away as winners at the ATKV's Applous school choir competition; congratulates the Pinedene Primary School from Ravensmead, Cape Town, for winning the Merrit category on 26 July; congratulates the Laerskool Eversdal in Durbanville, Cape Town, for winning the Merrit category on 27 July; congratulates the Laerskool Gene Louw in Durbanville, Cape Town, for winning the Prestige category on 27 July; congratulates the Hoërskool De Kuilen in Kuils River, Cape Town, for winning the Merrit category on 28 July; congratulates the Hoërskool Stellenberg for winning the best performance of a school-written piece on 29 July; and notes that these schools performed extremely well and did a tremendous job in representing this province.[6]

    Agreed to.

15. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates the Banyana Banyana women's national football team for their excellent performance in the Football World Cup thus far; notes that they have written their names in the history books of South African soccer, as they managed to qualify for the final 16 while also securing their first-ever win at a World Cup; sends its absolute best wishes to the team as they continue representing South Africa at the World Cup; notes that they have made us extremely proud; and notes that they did a tremendous job in uniting the nation and promoting hope.

    Agreed to.

16. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates the Proteas women's World Cup team for their stellar performance during the Netball World Cup; notes that they played tremendously and made all of us proud; notes especially their excellent performance against the Silver Ferns of New Zealand, who are the reigning champions; notes that they managed to secure a final second draw against them and will go down as one of the most famous World Cup matches to date; and notes that they did an excellent job in promoting pride and hope among South Africans.

    Agreed to.

17. Mr D America moved without notice: That the House congratulates the City of Cape Town for successfully budgeting R5,2 billion for the expansion of the MyCiti bus services; notes that this expansion will see communities like Khayelitsha, Mitchells Plain, Nyanga, Philippi, Ottery, Hanover Park, Wynberg and Claremont all get access to the

world-class MyCiti bus service and will service about 1,5 million people; notes that this plan will make great strides in creating an integrated mobility system in the City of Cape Town, despite the reluctance of the national government to devolve rail to capable municipalities; and also notes that this expansion is set to create an estimated 9 000 job opportunities in the metropolitan area's south-east communities and an additional 1 008 jobs will be created to operate these expanded services.

Agreed to.

18. Ms L M Maseko moved without notice: That the House takes note of the Grassroots ECD Training Centre and the impact it has on women's lives; notes that the Grassroots Educare Trust is a partner non-profit organisation (NPO) of the Department of Infrastructure's Expanded Public Works Programme (EPWP); notes that, as the oldest early childhood development (ECD) facility in South Africa, the Grassroots Educare Trust manages and supports 200 unemployed young people and 160 parents through the EPWP; notes that the EPWP supports the ECD assistant project and the playground project; notes that the Department's support ensures that the NPO can pay its 360 participants a monthly stipend to facilitate the individual and children development programmes; notes that, through the ECD assistant project, the Grassroot Educare Trust assists the Western Cape Department of Education with the registration and re-registration of ECD centres and partial-care facilities, with the majority of these being in rural areas; further notes that there are 2 200 facilities and 360 beneficiaries and a countless number of children that benefit from this programme; and notes that this partnership enables communities, through investment in social infrastructure and in the safety and wellbeing of our communities, to build a better future.

Agreed to.

19. Mr M K Sayed moved without notice: That the House expresses concerned over the Cape Town taxi strike's severe consequences on the education sector, by leaving almost half a million learners, including matriculants, at such a critical time of the year without access to classes; notes that this disruption undermines educational stability during a crucial phase; urges collaborative action to address this crisis swiftly and to safeguard learning; and requests that protection be provided to all forms of learner transport.
Agreed to.

20. Ms A Cassiem moved without notice: That the House takes notice that the country celebrated National Women's Day yesterday; notes that the country also witnessed hundreds of domestic workers, made up of women, marching all the way to the Union Buildings in order to submit a memorandum to the President of the country against the violation of their rights; notes that it is sad that in this day and age that women in this sector still suffer from sexual abuse, from constant attacks by dogs and from being exploited without compensation at the hands of their employers; notes that the abuse of women remains entrenched in society with little and close to nothing being done about it; notes that the statistics concerning gender-based violence also continue to rise with each day passing and the dysfunctional policing system also exacerbates the matter as the majority of cases do not even make it to the prosecution desk as a result of incompetent and unwilling police personnel; and calls for a better society in which women can live freely and be afforded the right to enjoy the full set of their protected constitutional rights.

Agreed to.

21. Mr T M Klaas moved without notice: That the House notes and condemns the killing of five people in Mbekweni on Monday night in a mass shooting that claimed the lives of three males and two females with the youngest victims aged 12 and 14 respectively; calls on law enforcement to move with speed in getting to the root of this matter and to arrest all those who are responsible for this unfortunate incident; notes that we cannot live idle in a society where people are butchered daily in our townships; and notes that we, as a society, must also come together and assist law enforcement agencies whenever we possess knowledge of who is behind these acts.

    Agreed to.

22. Ms C A T Murray moved without notice: That the House notes that our most vulnerable communities are being held at ransom by the inconsiderate and reckless actions of a few and the provincial economy as a whole is being brought to a standstill; notes that while we have the right to protest, we do not have the right to damage property or endanger the lives of others; recognises the heroic efforts of the Western Cape Government and the City of Cape Town in trying to find an urgent and lawful resolution to the strike, and to bring an end to the related violence; further notes that these strikes do not just have an impact on the taxi industry, but also causes damages to both personal and private property, including critical infrastructure; notes that the strike action undermines both investor and tourism confidence, with the UK's Foreign, Commonwealth and Development Office issuing a travel alert last Friday to British nationals who plan to visit Cape Town; notes that this has the potential to reverse the significant progress that we have seen in recovering and growing our tourism sector since the pandemic; and notes that action to impede access to the Cape Town International Airport is irresponsible and damages the reputation of Cape Town as an international tourism destination, thereby threatening the thousands of tourism-related jobs in the city and province.

    Agreed to.

23. Mr G Bosman moved without notice: That the House notes the tragic death of LEAP Officer Zanikhaya Kwinana who was killed while carrying out his duties in Nyanga on Friday; notes that, while patrolling the area with two other officers, Officer Kwinana's vehicle came under fire and was struck multiple times by bullets fired by unknown assailants; notes that, while the other two officers escaped with their lives, Officer Kwinana died of his injuries; notes that Officer Kwinana exemplified the courage and the devotion to duty of the Western Cape's LEAP officers, and his loss continues to send shockwaves through the Western Cape; recognises that Officer Kwinana's death was a horrific consequence of the lawlessness that we have seen over the last few days; and calls for the urgent apprehension and punishment of his killers.

    Agreed to.

24. Mr G Pretorius moved without notice: That the House notes the attacks on various facilities of the Department of Health and Wellness over the last week; notes that, in recent days, ambulances, hospitals and clinics have found themselves at the receiving end of looting and vandalism, and many patients have had to be relocated and transferred; notes that attacks on healthcare facilities and staff can never be justified and condemns those who have participated in or encouraged these attacks; and further notes the exemplary work of the Department of Health and Wellness in continuing to treat the people of the Western Cape in spite of large-scale disruptions and outright violence perpetrated against the Department's facilities.

    Agreed to.

25. [15:55] The House discussed the following Matter of Public Importance in the name of the Hon Leader of the Opposition, Mr C M Dugmore:

The minibus taxi strike.

Debate concluded.

26. The House adjourned at 17:15.

Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2023.09.29 14:05:17 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 10 AUGUSTUS 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Adjunkspeaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Adjunkspeaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:18] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me W F Kaizer-Philander) stel sonder kennisgewing voor: Dat Vrae sonder kennisgewing aan die Premier tot volgende week oorstaan.

   Goedgekeur.

5. [14:20] Interpellasie.

6. [14:41] Vrae.

7. [15:00] Verklarings deur Lede.

8. [15:25] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.

9. [15:27] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

   Die Speaker doen ’n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

10. [15:28] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

11. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Clint Abrahams, ’n PhD-kandidaat aan die Universiteit van Kaapstad (UK), argitek en dosent van Macassar, gelukwens nadat hy ’n gesogte Toekenning vir Sosiale Responsiwiteit in 2022 gewen het; kennis neem dat Abrahams die Fakulteit Ingenieurswese en die Beboude Omgewing (“Engineering and the Built Environment” of EBE) se eerste ontvanger van hierdie toekenning is; en kennis neem dat die toekenning werk vereer wat bydra tot die land se kulturele, ekonomiese, politieke, wetenskaplike en sosiale landskap, en gemeenskapsdiens deel maak van die universiteit se navorsing, onderrig en leer.

    Goedgekeur.

12. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van die ANC-veteraan en gemeenskapsleier, kameraad Themba Wilson Sidina, van Gugulethu; kennis neem dat hy op Sondag 30 Julie 2023 in die ouderdom van 81 gesterf het is nádat hy ŉ lang tydperk siek was; kennis neem dat kameraad Sidina ŉ reuse- politieke figuur was, nie net in die lewe van die ANC in die provinsie nie, maar ook as ŉ onbesonge anti-apartheidsheld; kennis neem dat hy baie betrokke was by verskeie burgerlike organisasies, vakbonde en sportliggame, en jongmense aktief gewerf het om by uMkhonto we Sizwe (MK) aan te sluit deur sy werk in verskeie sportklubs; kennis neem dat kameraad Sidina sy lewe aan die stryd vir vryheid en demokrasie gewy het; en meegevoel betuig en ŉ boodskap van sterkte aan sy familie, vriende en kamerade stuur.

Goedgekeur.

13. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Leon-Lee Andile Madolo (32) van Khayelitsha; en innige meegevoel met sy familie en vriende betuig.

Goedgekeur.

14. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die vyf skole van die Wes-Kaap gelukwens wat as wenners by die ATKV se Applous-skoolkoorkompetisie aangewys het; die Pinedene Primary School van Ravensmead, Kaapstad, gelukwens met die wen van die Merrit-kategorie op 26 Julie; die Laerskool Eversdal in Durbanville, Kaapstad, gelukwens met die wen van die Merrit-kategorie op 27 Julie; die Laerskool Gene Louw in Durbanville, Kaapstad, gelukwens met die wen van die Prestige-kategorie op 27 Julie; die Hoërskool De Kuilen in Kuilsrivier, Kaapstad, gelukwens met die wen van die Merrit-kategorie op 28 Julie; die Hoërskool Stellenberg gelukwens met die verowering van die beste uitvoering van ŉ skoolgeskrewe stuk op 29 Julie; en kennis neem dat hierdie skole baie goed gevaar het en hulle uitstekend van hul taak gekwyt het om hierdie provinsie te verteenwoordig.

Goedgekeur.

15. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Banyana Banyana-nasionale vrouesokkerspan gelukwens met hul uitstekende prestasie in die Sokkerwêreldbeker tot dusver; kennis neem dat hulle hul name in die geskiedenisboeke van Suid-Afrikaanse sokker opgeteken het, aangesien hulle daarin geslaag het om te kwalifiseer vir die laaste 16 terwyl hulle ook hul eerste oorwinning ooit by ŉ Wêreldbeker behaal het; die allerbeste wense aan die span stuur terwyl hulle voortgaan om Suid-Afrika by die Wêreldbeker-sokkertoernooi te verteenwoordig; kennis neem dat hulle ons uiters trots gemaak het; en kennis neem dat hulle ontsaglike werk gedoen het om die nasie te verenig en hoop te bevorder.

Goedgekeur.

16. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Protea-vrouewêreldbekerspan gelukwens met hul uitmuntende vertoning tydens die Netbalwêreldbeker; kennis neem dat hulle baie goed gespeel het en ons almal trots gemaak het; veral kennis neem van hul uitstekende vertoning teen die Silwer Varings van Nieu-Seeland, wat die heersende kampioene is; kennis neem dat hulle daarin geslaag het om in ŉ finale wedstryd vir die tweede keer gelykop teen hulle te speel en dat as een van die beroemdste Wêreldbeker-wedstryde tot nog toe onthou sal word; en kennis neem dat hulle hul uitstekend van hul taak gekwyt het om trots en hoop onder Suid-Afrikaners te bevorder.

Goedgekeur.

17. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Stad Kaapstad gelukwens met die suksesvolle begroting van R5,2 miljard vir die uitbreiding van die MyCiti-busdiens; kennis neem dat hierdie uitbreiding gemeenskappe soos Khayelitsha, Mitchells Plain, Nyanga, Philippi, Ottery, Hanover Park, Wynberg en Claremont toegang tot die wêreldklas-MyCiti-busdiens sal gee en sowat 1,5 miljoen mense sal bedien; kennis neem dat hierdie plan groot vordering sal maak om ŉ geïntegreerde mobiliteitstelsel in die Stad Kaapstad te skep, ten spyte van die onwilligheid van die nasionale regering om die spoorweë na bekwame munisipaliteite af te wentel; en ook kennis neem dat hierdie uitbreiding ŉ geskatte 9 000 werkgeleenthede in die metropolitaanse gebied se suidoostelike gemeenskappe sal skep en dat ŉ bykomende 1 008 werksgeleenthede geskep sal word om hierdie uitgebreide dienste te bedryf.

Goedgekeur.

18. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die Grassroots ECD Training Centre en die impak wat dit op vroue se lewens het; kennis neem dat die Grassroots Educare Trust ŉ organisasie sonder winsoogmerk (OSW) in vennootskap met die Departement van Infrastruktuur se Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) is; kennis neem dat, as die oudste fasiliteit vir vroeë kinderontwikkeling (VKO) in Suid-Afrika, die Grassroots Educare Trust 200 werklose jongmense en 160 ouers deur die UOWP bestuur en ondersteun; kennis neem dat die UOWP die VKO-assistentprojek en die speelgrondprojek ondersteun; kennis neem dat die Departement se ondersteuning verseker dat die OSW sy 360 deelnemers ŉ maandelikse stipendium kan betaal om die individuele en kinderontwikkelingsprogramme te fasiliteer; kennis neem dat, deur die VKO-assistentprojek, die Grassroot Educare Trust die Wes-Kaapse Departement van Onderwys bystaan met die registrasie en herregistrasie van VKO-sentrums en gedeeltelikesorgfasiliteite, met die meerderheid hiervan in landelike gebiede geleë; verder kennis neem dat daar 2 200 fasiliteite en 360 begunstigdes en ŉ ontelbare aantal kinders is wat by hierdie program baat vind; en kennis neem dat hierdie vennootskap gemeenskappe in staat stel om, deur belegging in sosiale infrastruktuur en in die veiligheid en welstand van ons gemeenskappe, ŉ beter toekoms te bou.

Goedgekeur.

19. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kommer uitspreek oor die Kaapstadse taxistaking se ernstige gevolge vir die onderwyssektor, omdat byna ŉ halfmiljoen leerders, insluitende matrikulante, op so ŉ kritieke tyd van die jaar nie toegang tot klaskamers gehad het nie; kennis neem dat hierdie ontwrigting opvoedkundige stabiliteit tydens ŉ deurslaggewende fase ondermyn; samewerkende optrede aanmoedig om vinnig aan hierdie krisis aandag te skenk en om leer te beskerm; en versoek dat beskerming aan alle vorme van leerdervervoer gebied word.

Goedgekeur.

20. Me A Cassiem stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die land gister Nasionale Vrouedag gevier het; kennis neem dat die land ook gesien het hoe honderde huiswerkers, bestaande uit vroue, tot by die Uniegebou gemarsjeer het om ŉ memorandum teen die skending van hul regte aan die President van die land te oorhandig; kennis neem dat dit hartseer is dat vroue in hierdie sektor in hierdie tyd steeds aan seksuele misbruik ly, aan voortdurende aanvalle deur honde en dat hulle sonder vergoeding deur hul werkgewers uitgebuit word; kennis neem dat die mishandeling van vroue in die samelewing verskans bly met niks en byna niks wat daaraan gedoen word nie; kennis neem dat die statistiek oor geslagsgebaseerde geweld ook aanhou styg met

elke dag wat verbygaan en dat die wanfunksionele polisiëringstelsel die saak ook vererger aangesien die meerderheid sake nie eens by die vervolgingsfase kom nie as gevolg van onbevoegde en onwillige polisiepersoneel; en ŉ beroep doen op ŉ beter samelewing waarin vroue vry kan lewe en die reg gegun word om die volle omvang van hul beskermde grondwetlike regte te geniet.

Goedgekeur.

21. Mnr T M Klaas stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die moord veroordeel van vyf mense wat Maandagaand in Mbekweni in ŉ massaskietery dood is en die lewens van drie mans en twee vroue geëis het met die jongste slagoffers wat onderskeidelik 12 en 14 jaar oud was; ŉ beroep op wetstoepassing doen om vinnig by die kern van hierdie saak uit te kom en almal wat vir hierdie ongelukkige voorval verantwoordelik is, in hegtenis te neem; kennis neem dat ons nie dadeloos in ŉ samelewing kan leef waar mense daagliks in ons informele nedersettings afgemaai word nie; en kennis neem dat ons, as ŉ samelewing, ook moet saamkom en wetstoepassingsagentskappe moet bystaan wanneer ons ook al kennis het oor wie vir hierdie dade verantwoordelik is.

Goedgekeur.

22. Me C A T Murray stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat ons mees weerbare gemeenskappe deur die onbedagsame en roekelose optrede van enkeles as gyselaars aangehou word en dat die provinsiale ekonomie as geheel tot stilstand gebring word; kennis neem dat, hoewel ons die reg het om protes aan te teken, ons nie die reg het om eiendom te beskadig of die lewens van ander in gevaar te stel nie; erkenning gee aan die dapper pogings van die Wes-Kaapse Regering en die Stad Kaapstad om ŉ dringende en wettige oplossing vir die staking te probeer vind, en om ŉ einde aan die verwante geweld te bring; verder kennis neem dat hierdie staking nie net ŉ impak op die taxibedryf het nie, maar ook skade aan beide persoonlike en private eiendom veroorsaak, insluitende kritieke infrastruktuur; kennis neem dat die staking beide beleggers- en toerismevertroue ondermyn, met die VK se Departement van Buitelandse Sake, die Statebond en Ontwikkeling (“Foreign, Commonwealth and Development Office’) wat verlede Vrydag ŉ reiswaarskuwing uitgereik het aan Britse burgers wat beplan om Kaapstad te besoek; kennis neem dat dit die potensiaal het om die beduidende vordering wat ons in die herstel en groei van ons toerismesektor sedert die pandemie gesien het, om te keer; en kennis neem dat optrede om toegang tot die Kaapstadse Internasionale Lughawe te belemmer onverantwoordelik is en die reputasie van Kaapstad as ŉ internasionale toerismebestemming skaad, en sodoende die duisende toerismeverwante werkgeleenthede in die stad en provinsie bedreig.

Goedgekeur.

23. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die tragiese dood van LEAP-beampte Zanikhaya Kwinana wat Vrydag vermoor is terwyl hy besig was om sy pligte in Nyanga uit te voer; kennis neem dat, terwyl hy die gebied saam met twee ander beamptes gepatrolleer het, beampte Kwinana se voertuig onder skoot gekom het en verskeie kere deur koeëls wat deur onbekende aanvallers afgevuur is, getref is; kennis neem dat, terwyl die ander twee beamptes met hul lewens ontsnap het, beampte Kwinana aan sy beserings beswyk het; kennis neem dat beampte Kwinana die moed en pligstoewyding van die Wes-Kaapse LEAP-beamptes geïllustreer het, en sy dood gaan voort om skokgolwe deur die Wes-Kaap te stuur; erkenning gee dat beampte Kwinana se dood die verskriklike gevolg was van die wetteloosheid wat ons die afgelope paar dae gesien het; en ŉ beroep doen op die dringende aankeer en strafoplegging van sy moordenaars.

Goedgekeur.

24. Mnr G Pretorius stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die aanvalle op verskeie fasiliteite van die Departement van Gesondheid en Welstand die afgelope week; kennis neem dat ambulanse, hospitale en klinieke die afgelope dae aan die ontvangkant van plundery en vandalisme was, en dat baie pasiënte verskuif en oorgeplaas moes word; kennis neem dat aanvalle op gesondheidsorgfasiliteite en personeel nooit geregverdig kan word nie en diegene veroordeel wat aan hierdie aanvalle deelgeneem het of dit aangemoedig het; en verder kennis neem van die toonbeeldwerk van die Departement van Gesondheid en Welstand om voort te gaan om die mense van die Wes-Kaap te behandel ten spyte van grootskaalse ontwrigting van en regstreekse geweld wat teen die Departement se fasiliteite gemik was.

    Goedgekeur.

25. [15:55] Die Huis bespreek die volgende Aangeleentheid van Openbare Belang in die naam van die agb Leier van die Opposisie, mnr C M Dugmore:

    Die minibustaxi-staking.

    Debat afgesluit.

26. Die Huis verdaag om 17:15.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement